14 Junie 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 9 (2019)

1. INSPEKSIE

Neem asseblief kennis dat daar weer inspeksie sal plaasvind sodra die skool vir die nuwe kwartaal open. Die "pullover"is verpligtend vir alle seuns en ook vir meisies wat 'n langbroek dra. Indien 'n leerder nie sy/haar "pullover" dra nie, mag mev. Heystek, Dr. Krause en mnr. Müller 50 strafpunte toeken.

Soos ons beleid bepaal, is dit verpligtend vir leerders om wintersdrag tot 31 Augustus te dra. Wintersdrag beteken die volgende:

- Seuns dra 'n langbroek **waarvan die wydte van die pyp minstens 20 cm is**, 'n trui / oortrektrui ("pullover"), 'n skooldas en 'n baadjie.
- By 'n rok, dra dogters swart lang kouse, 'n langmouhemp, baadjie en 'n skooldas.
- Met 'n langbroek dra dogters 'n langmouhemp, trui / oortrektrui, skooldas en 'n baadjie.
- **'n Langmoutrui mag NOOIT sonder 'n baadjie gedra word nie.**

2. GRAAD 10- EN 11-KAMPE

Die jaarlikse graad 10-kamp vind van 13 – 15 September plaas. Die onderwysers het leerders genomineer wat 'n lojaliteitsbalkie het, aan 'n skoolaktiwiteit deelneem en wie se strafpunte aanvaarbaar is. Baie geluk aan die leerders wat vandag uitnodigings na die eksamen ontvang het. Die R1 100,00 moet teen Maandag, 2 September 2019 betaal wees.

Die graad11-kamp se datum moes ongelukkig skuif na 14 – 20 September 2019. Die leerders word volgende kwartaal verkies. Leerders moet aan die kriteria, soos in die dagboek uiteengesit is, voldoen. Die koste is nog nie gefinaliseer nie, maar behoort in die omgewing van R4 000,00 te wees.

3. EERLIKE LEERDERS

Tristan McCrudden, Owen van den Berg, Astin Page, Tshepiso Chezi, Elizabeth Smith, Ryan Ball, Shouniez Duffey, Ronel Hattingh, Danya Kühn en Bevin van Zyl het selfone, geld en 'n IGO-sak ingehandig. Baie dankie!

Die skool begin weer op 9 Julie 2019. Ons wil u graag 'n aangename vakansie toewens.

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING